NG Gemeente Montana: Kleingroepe 2026

God se droom vir sy kerk: Behoort én Beweeg.

2026.10

	Romeine 15:7; Johannes 3:16 en 17, Johannes 13:1, Johannes 15:9-17
	Die waarde van Christelike vriende Vriendskappe wat omgee en saakmaak, beteken opregte omgee, hegte emosionele bande, positiewe kommunikasie en die ruimte om jouself te wees. Geloofsvorming vind die beste binne langtermyn- en hegte vriendskapsverhoudings plaas. Binne sulke verhoudings vind mense 'n veilige ruimte waarbinne hulle leef, ontdek, modelleer en groei. Ons wil tog almal as mense veilig voel. Vir 'n persoon om veilig binne 'n verhouding te voel, is daar liefde, respek, vertroue en effektiewe kommunikasie nodig. Dit is die basis waarop al die ander behoeftes gesteun kan word. Om werklik gelukkig in 'n vriendskapsverhouding te wees, het ons onvoorwaardelike liefde en aanvaarding nodig. Dit is egter baie makliker gesê as gedaan. **Jesus Christus het betekenisvolle verhoudings met Sy dissipels gebou (Johannes 15:9-13). Hy het hulle geken (Johannes 1:47–48). Hy het tyd saam met hulle spandeer – die 4 Evangelies laat ons dit baie goed verstaan! Sy kommunikasie het verder as die oppervlakkige gegaan (Johannes 15:15). Hy het hulle verskille waardeer (Matteus 10:2-4) [sien ook in *Die Bybel in Praktyk* p1458-1459] en hulle potensiaal gesien (Johannes 17:23). Hy het almal bedien, alhoewel Hy Here van almal was, en gesê dat Hy nie gekom het om bedien te word nie, maar om te bedien (Markus 10:42–45). Ons sal moet toegee, dat dit dalk nie vir ons so maklik sou wees om saam te leef en werk soos die 12 dissipels nie, maar die een gemeenskaplike aspek wat hulle gehad het, was hulle geloof in Jesus. Ons verskil van mekaar en voel nie ewe aangetrokke tot alle ander mense nie. Dit moet ons egter nie verhoed dat ons ander die beste in die lewe sal gun nie, dat ons mekaar in liefde sal dra nie en dat ons altyd en onder alle omstandighede van mekaar die beste sal glo nie. Romeine 15:7 is dalk die beste hier van toepassing: "*Aanvaar mekaar dan, soos Christus julle ook aanvaar het, tot eer van God*"
	• Opsionele Teksgedeeltes: 1 Korintiërs 13 en 1 Johannes 4:7-12 • http://www.bybelkennis.co.za/basiese-inligting-oor-jesus-se-twaalf-dissipels-jan-van-der-watt/ • https://overviewbible.com/12-apostles/

Dink bietjie:

- Watter voorwaardes stel jy aan iemand in ‘n verhouding/vriendskap?
- Wat moet jy van ‘n ander persoon aanvaar om in ‘n verhouding met hom/haar te wees?
- Hoeveel van jou aanvaar God van jou?

Vir die groepgesprek:

1. Wat dink julle maak dat mense mekaar moeilik aanvaar /respekteer?
2. Watter eienskappe in ‘n persoon dwing respek af?
3. Kan ‘n mens ‘n keuse maak om iemand te respekteer, ten spyte van enigiets – en dit werklik doen? Is dit moontlik?
4. As jy dit kan regkry (vraag 3), wat sal die gevolg daarvan wees?

Vanuit die teksgedeeltes:

1. Jesus kies die mees uiteenlopende groep mense as dissipels. Hoe kry Hy hulle bymekaargehou? (Johannes 15:9-17)
2. Is God se liefde vir die wêreld onvoorwaardelik? (Johannes 3:16-17)
3. Is Johannes 15:9-17 se opdrag uitvoerbaar? Wat dink julle?
4. Hoeveel ruimte vir verskille was daar tussen die dissipels? (Kyk na die teksgedeeltes by die paragraaf wat met ** gemerk is)

1. Hierdie kleingroep onderwerp is eintlik baie persoonlik,
2. Tog is dit goed om mekaar te ondersteun om werklik respekvol te wees.
3. Werk daaraan om meer onvoorwaardelik mense te aanvaar.